LAERSKOOL MIKRO
SPRUITSTRAAT
KUILSRIVIER
7580
021-903 2126 info@laerskoolmikro.co.za www.laerskoolmikro.co.za

TAALBELEID

1. Inleiding

Hierdie is die taalbeleid van Laerskool Mikro wat op 5 September 2018 deur die beheerliggaam goedgekeur is. Die taalbeleid is opgestel volgens die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996; die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84 van 1996 ('die Skolewet'); die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 27 van 1996; toepaslike provinsiale wetgewing oor skoolonderwys; regspraak van Suid-Afrikaanse howe; die Internasionale Konvensie met betrekking tot die Regte van Kinders; die "African Charter on the Rights and Welfare of Children"; die Norme en Standaarde vir Taalbeleid in Openbare Skole, 1997 (GK 1701 van 19 Desember 1997) en die aanwysings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad.

2. Faktore in ag geneem

Met die opstel van hierdie beleid is die volgende faktore in ag geneem:

- Die belange van die leerders
- Die belange van die skoolgemeenskap
- Die belange van die gemeenskap waarin die skool geleë is
- Die vermoë van die skool
- Die hulpbronne en personeel waaroor die skool beskik
- Internasionale beste praktyk met betrekking tot klasgroottes en taal in onderrig, met besondere verwysing na die belang van moedertaalonderrig

3. Onderrig en eksaminering

Alle onderrig en die aflê van toetse, assesserings en eksamens geskied in Afrikaans of Engels, die tale van onderrig van die skool.

4. Beleid oor onderrigtaal

Die skool is 'n parallelmediuminstelling wat Afrikaans en Engels as taal van onderrig bied. Die taal van onderrig van een Graad R-klas is Engels en in drie Graad R-klasse is dit Afrikaans. In Graad 1 – 7 is Afrikaans die taal van onderrig. Vanaf 2025 sal Engels jaarliks as medium van onderrig na die volgende graad uitgebrei word: in 2025 na Graad R, in 2026 na Graad 1, in 2027 na Graad 2, ensovoorts. Hierdie uitbreiding sal voortduur totdat Engels as onderrigtaal in alle betrokke grade geïmplementeer is.Kommunikasie met buitestaanders kan in enige taal plaasvind soos deur die omstandighede vereis en wat redelikerwys doenlik is.

5. Bevordering van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur, benewens Afrikaans as Huistaal, Engels as Huistaal (slegs gr. 4 – 7) en Engels as Eerste Addisionele taal aan te bied. Engels as Huistaal word deur ‘n vakspesialis aangebied.

Elke opvoeder by die skool neem redelike stappe om leerders oor die belang van veeltaligheid in te lig en om respek vir ander tale buiten die huistaal en/of onderrigtaal te bevorder. Die skool bevorder deelname aan multi-kulturele Eisteddfodkompetisies en organiseer verskeie skoolsportgeleenthede teen skole van ander taal- en kultuurgroepe om ook taal en kultuur interaksie te bevorder.

Die skool fokus op die bevordering van twee van die drie amptelike tale in die Wes-Kaap (Afrikaans en Engels).

Beleid: **TAALBELEID**

Datum: _____

BEHEERLIGGAAMLEDE:

L. Hofmeyr	Voorsitter	_____
A. de Jager	O/Voorsitter OOV	_____
L. Mouton	Skoolhoof	_____
E. Roux	Finansiële Voorsitter	_____
S. Burgess	Regsaangeleenthede Menslike Hulpbronne	_____
S. Conradie	Infrastruktuur	_____
A. Spreeth	Fondsinsamelings Bemarking	_____
J. Theron	Veiligheid en Mediabestuur	_____
L. Green	Sekretaresse	_____
A. Nortje	Buitemuurs	_____